



► GUNSTIGER BEDELING VIR
AFTREEFONDSBYDRAES
3



► TESOURIE 2014
3



► BELEGGINGSOORSIG:
WAT GEBEUR MET DIE
MARKTE?
5

Predikante

Pensioenfonds van die NGK in SA

IS JY GERAT OM OUD TE WORD... BAIE OUD?

Daar is 'n interessante stukkies statistiek wat sê dat die verkope van weggooioeke vir bejaardes in Japan, alreeds dié van babas verbygesteek het. Dit bevestig die tendens dat die lewensverwachting van eerstewêreldse gemeenskappe dramaties toeneem.

Toekomskundiges en mediese wetenskaplikes voorspel alreeds dat baie meer mense 95 en selfs ouer gaan word. Dit kan verseker met jou en my óók gebeur. Ons doen immers alles in ons vermoë om langer te leef. En met die genade van die Here en die hulp van die mediese wetenskap gaan die meeste van ons dit waarskynlik regkry.

Gaan jou aftreegeld genoeg wees?

Die vraag wat onmiddellik opdoem, is of dominees finansiëel gerat is om só oud te

word en veral: of jou pensioen voldoende gaan wees om jou en jou geliefde vir 30+ jaar na aftrede te versorg. Daar is talle voorbeelde van mense wat hulle pensioen oorleef het en vandag in armoede leef. Hulle aftreegeld het gewoon opgeraak. Hoër lewensverwachting, 'n vernietigende inflasiekoers, asook vinnig eskalerende lewens- en mediese koste (wat amper elke sewe jaar verdubbel), erodeer die koopkrag van geld en gaan pensioentrekkers baie gouer platsak hê as wat hulle ooit gedroom het.

Dit is nou jou eie verantwoordelikheid

Verder is predikante wat op 1 Januarie 2008 die vaste bydrae bedeling gekies het, se na-aftrede versorging in hulle eie hande.

Verby is die dae dat die maatskappy (kerk) vir wie jy gewerk het, 'n maandelikse pensioen waarborg, soos die

huidige 382 pensioentrekkers, tot die dag van jou dood. In die nuwe bedeling kry jy die dag as jy aftree al jou pensioengeld in 'n eenmalige som geld en jy moet self sien en kom klaar.

Die verantwoordelikheid verskuif dus na jouself om hierdie geld te belê en te bestuur (of toe te sien dat dit gebeur) sodat dit 'n volhoubare inkomste verskaf tot die einde van jou en jou gade se lewe.

En alhoewel vier tot vyf miljoen rand na 'n onuitputlike bron klink, is dit inderdaad 'n uitputbare bron wat voor jou dood kán op-raak. Daarom moet hierdie aftreefonds van jou nie alleen met omsigtigheid bestuur word nie, maar moet jy ook weë vind om alternatiewe inkomstebronne te skep ten einde jou aftreegeld sover as moontlik te rek.

Vervolg op bladsy 2...

Kontakbesonderhede van die Pensioenkantoor:

**Predikante
Pensioenfonds**

Privaatsak X8

BELLVILLE

7530

021-957-7115

Ds Bossie Minnaar

(Hoofbeampte)

Tel: 021-957-7104

Faks: 086-524-7132

bossie@kaapkerk.co.za

Kenny Raats

(Bestuurder:

Menslike Hulpbronne en Pensioenfondse)

Tel: 021-957-7105

Faks: 086-524-7132

kraats@kaapkerk.co.za

Elodie van der Walt

(Administratiewe Beampte)

Tel: 021-957-7115

Faks: 086-524-7153

pensioen@kaapkerk.co.za

Stephanie van der Merwe

(Rekenmeester)

Tel: 021-957-7116

Faks: 086-584-4943

svdmerwe@kaapkerk.co.za

IS JY GERAT OM OUD TE WORD... BAIE OUD?

Vervolg vanaf bladsy 1.

Vermy vroeë aftrede

Moenie eers vroeë aftrede oorweeg nie. Werk so lank soos jy kan, minstens tot die laaste dag waarop jy verplig is om af te tree. Dit gee jou pensioenfonds so veel as moontlik tyd om te groei. 'n Pensioen is baie soos die raaisel wat hulle vertel oor die waterplant. *Die waterplant verdubbel elke dag; dit neem 99 dae om die helfte van 'n dam vol te groei. Hoeveel dae het dit nodig om die res van die dam vol te groei? En die antwoord is natuurlik, net een dag.* Dit is hoe pensioene werk. Dit groei stadig en dan skop saamgestelde rente in en in die laaste 5 jaar (60-65) verdubbel jou pensioen dikwels. Met ander woorde iemand wat voor 65 aftree, ontnem sy pensioen van die heel belangrikste groeifase in die leeftyd van daardie belegging.

Werk dus so lank as moontlik. Of probeer na aftrede steeds 'n inkomste genereer. Die ideaal is dat jou pensioenfonds na aftrede steeds sal groei. Hoe minder jy van die opbrengs van jou pensioen gebruik maak, hoe meer verleng jy die leeftyd van jou fonds.

'n Nuttige wenk

Predikante is dikwels in die laaste 10 jaar van hulle bediening in die beste finansiële posisie ooit. Gewoonlik is die kinders afgestudeer en uit die huis, die meeste skuld is gedelg en die salaris op topskaal. Dit kan meebring dat daar maandeliks 'n surplus (bv. R3 000 - R5 000) op die begroting beskikbaar is. Gewoonlik is die

versoeking groot om 'n bietjie breek los te maak en ruimer te leef. Hierdie is egter die ideale tyd om jou aftreevoorsiening aan te vul.

Die PPF bied jou die geleentheid om addisionele vrywillige bydraes tot jou pensioenfonds te maak. Dit kan maandeliks of eenmalig geskied. En die mooi hiervan is dat dit kosteloos gedoen kan word. Hier is 'n voorbeeld van die impak wat dit op jou pensioenfonds kan hê: *'n Werkgewer het tydens salarisverhogingstyd vir sy werknemers die opsie gegee om nie hulle jaarlikse salarisverhoging in kontant te neem nie, maar te kanaliseer na die aftreefonds. Na drie jaar het dié wat dit gedoen het, 40% meer waarde in hulle fonds gehad as dié wat die salarisverhoging in hulle sak gestee het.*

Kopskuif

Dit is dus belangrik dat elke predikant so vroeg as moontlik 'n kopskuif maak en hom/haar goed posisioneer om 'n volhoubare passiewe inkomstebron vir 'n onvoorspelbare toekoms te vestig. Beursverhandelde fondse, eiendomme en annuïteite is bekende beleggingsinstrumente, maar 'n addisionele bydrae tot die pensioenfonds is waarskynlik die **maklikste, veiligste en goedkoopste** voertuig vir dominees om dit te doen.

**Charl Stander
(Trustee)**

HET JY GEWEET?

Die PPF het **drie** beleggingskeuses, naamlik:

- **Die Verstek-lewensfasemodel**
- **Die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit**
- **Eie keuse**

By laasgenoemde kan lede self aandui watter persentasie van fondskrediet en toekomstige maandelikse bydraes, soos op die datum van die skuif, in die Langtermyn-, Konserwatiewe- en Inkomstebeskermings Portefeulje volgens aangeduide persentasies verdeel sal word.

Tot en met 31 Maart 2014 het reeds 139 lede van die opsie gebruik gemaak om beleggingskeuses te doen.



Testament

In vorige skrywes en trusteeverslae het ons reeds die belangrikheid en noodsaaklikheid van 'n nominasie-/benoemingsvorm onder die aktiewe lede se aandag gebring.

'n Testament is ook 'n belangrike instrument in u aftreebeplanning. Elke lid, ongeag of hy/sy steeds in diens is by 'n gemeente/instansie of reeds 'n pensioentrekker of kwalifiserende gade is, behoort 'n geldige testament op te stel wat sy/haar wense rakende die verdeling van sy/haar bates na sy/haar dood duidelik uiteensit. 'n Testament behoort ook telkens aangepas te word wanneer omstandighede verander.

Enkelbedragsterftevoordele betaalbaar deur die Fonds vorm nie deel van 'n lid se boedel nie, met die gevolg dat bepalinge in 'n lid se testament rakende die verdeling van hierdie voordele nie die trustees van die Fonds bind nie.

Besin mooi oor minderjariges se erflating. Win ook kundige advies hieroor in. Goeie raad oor testamente is om so prakties moontlik te probeer wees en om nie uit die graf te probeer reël nie!

GUNSTIGER BEDELING VIR AFTREEFONDSBYDRAES – 2015

Vanaf 1 Maart 2015 gaan daar verdere veranderinge aangebring word tot die manier waarop bydraes na aftreefondse en uitree-annuïteite belas word. Die veranderinge gaan beteken dat daar nie meer verskillende belastingbedelings gaan wees ten opsigte van bydrae na voorsorgfondse, pensioenfondse of aftree-annuïteite nie. Alle bydraes na 'n pensioenfondse, voorsorgfondse of uitree-annuïteite, hetsy dit 'n lid- of 'n werkgewerbydrae is, sal as 'n belasting-aftrekking geëis kan word, tot 'n maksimum totale aftrekking van R350,000 per jaar of 27,5% van 'n individu se vergoeding.

Dit kan lede in staat stel om bestaande aftreevoorsiening en ook toekomstige aftreefondse besparing te konsolideer en sodoende hopelik koste te bespaar.

Die Trusteese is tans besig om die Fonds se bydraestruktuur te hersien. Die Trusteese kyk spesifiek na moontlike veranderinge om addisionele bydrae kategorieë toe te laat sodat lede binne die fonds van die beskikbare belastingaftrekkings gebruik kan maak en dit vir die meeste lede nie nodig sal wees om aparte aftreeprodukte te koop om op 'n belasting effektiewe manier te spaar nie. Sodoende kan lede hulle aftreevoorsiening binne die fonds konsolideer, gegewe dat die fonds 'n koste-effektiewe, en ook belasting-effektiewe, voertuig vir aftreebesparing is. Die Trusteese sal vordering in hierdie verband aan lede kommunikeer.



TESOURIE: 2014 BEGROTINGSVOORSTELLE

die Vereniging vir Spaar & Beleggings in Suid-Afrika (ASISA) bereik oor 'n weg vorentoe om die vlak van koste vir aftreespaargeldprodukte te verlaag. Konsep regulatoriese hervormings oor hoe die koste van aftreefondse verlaag kan word, word ook binnekort gepubliseer.

Wetgewende bepalings wat die tydskerekening van die toevalling van aftree- en uitredingsvoordele vir belastingdoeleindes reguleer, gaan hersien word om sekerheid te bied en die praktiese toepassing daarvan deur aftreefondse en hul administrateurs te vergemaklik.

Die aftreehervormings wat die regering oor die afgelope twee jaar aangekondig het, was daarop toegespits om meer mense aan te moedig om vir aftrede te spaar en om hul spaargeld regdeur hul werkende leeftyd te bewaar (P-Day).

In die 2014-begroting het die Minister aangekondig dat 'n dokument wat die veranderinge tot op hede kortliks beskryf en verwagte toekomstige hervormings uiteensit, binnekort vrygestel sal word. Verdere aftreehervormings word verwag om seker te maak dat alle werkende Suid-Afrikaners tydens aftrede 'n sekere inkomste het, asook om die aftreestelsel eenvoudiger en regverdiger te maak. 'n Ooreenkoms is tussen die regering en

Die Minister het benadruk dat die regering nog steeds na verbeterde bewaring van aftreevoordele soek, wat beteken dat aftreefondse in die toekomstig moontlik nie toegelaat gaan word om kontant uitredingsvoordele te betaal aan enige lid wat **voor** aftrede uit die Fonds tree nie.

In die 2013-begroting is voorgestel dat uitdienstredingsvoordele na een of ander vorm van bewaringsmedium oorgedra word, vanwaar dit met aftrede aan 'n lid betaal kan word. Die gevestigde regte van 'n lid in 'n Fonds behoort tot op datum van implementering beskerm te word. Die tyd sal leer!

Met ingang 1 Maart 2014 word die belastingvrye enkelbedrag wat 'n aftreefondse uitbetaal wanneer 'n lid aftree, vanaf R315 000 tot **R500 000** verhoog. Die belastingvrye enkelbedrag op 'n uitdienstredingsvoordeel (gewoonlik wanneer 'n lid bedank of ontslaan word) word vanaf R22 500 tot R25 000 verhoog.

Dit is belangrik om te onthou dat die Ontvanger van Inkomste (SAID) alle enkelbedrag onttrekkings uit 'n aftreefondse oor 'n individu se leeftyd in ag neem, ten einde te bepaal hoeveel van die belastingvrye vergunning nog oor is vir enige latere onttrekkings.

Die dominee gaan besoek 'n dame wat baie alleen is. Op die bedkassie staan 'n bakkie met grondbone waaraan hy peusel terwyl hy gesels. Toe hy besef dat hy die bakkie alleen opgeëet het, vra hy groot om verskoning.
“Dis alles reg, dit sou net daar bly staan het. Sonder my tande suig ek net die sjokolade af.”

Dominee: “Hoekom so hartseer broer?”

Man: ‘My hond is dood. Sal Dominee hom begrawe asseblief?’

Dominee: ‘Nee broer, ons begrawe nie diere nie. Probeer die AGS oorkant die straat.’


Man: ‘Goed, dink dominee hulle sal 'n donasie van R50 000 aanvaar?’

Dominee: ‘My magtig broer, kom sit, pleks jy sê dis 'n NG hondjie!’


STRATEGIESE BATESAMESTELLING

Met die onlangse toevoeging van genoteerde eiendomme in ons groeiportefeuljes lyk die strategiese batesamestelling van die onderskeie portefeuljes tans as volg:


Langtermyn Portefeulje




Inkomstebeskerming Portefeulje



Konserwatiewe Portefeulje



Pensioentrekker Portefeulje



Beleggingsfoute

In Sakegesprek met Theo Vorster, Woensdae om 21:30, het 'n beleggingskundige van Allan Gray drie algemene foute uitgelig, wat veral op die langtermyn 'n groot verskil kan maak:

- ⇒ Mense begin eenvoudig te laat spaar. Jy moet genoeg tyd toelaat sodat jou geld vir jou begin werk. As jy oor 'n tydperk van 30 jaar belê, is slegs 30% van die waarde van die belegging aan die einde van die tydperk die geldelike bedrae wat jy oorspronklik ingesit het. Die ander 70% is jou geld wat vir jou gewerk het.
- ⇒ Mense reken dat hulle beleggings op die "regte tyd" kan koop en dan weer op 'n ander "regte tyd" kan verkoop. Dit is bykans onmoontlik.
- ⇒ Mense raak emosioneel oor geld, veral as dit hul eie geld is. Vergeet van die korttermyn wisselvalligheid van markte.

BELEGGINGSOORSIG – WAT GEBEUR MET DIE MARKTE?

Die Suid-Afrikaanse aandelemarkt het oor die afgelope paar maande weer telkemale nuwe hoogtepunte bereik, so ook van die grootste buitelandse markte en dit kom voor of die bulmarkte wat gedurende 2012 en 2013 geheers het, steeds volhou. Die tabel hieronder wys net hoe goed die opbrengste oor die afgelope paar jaar tot en met 30 Junie 2014 was. Let op dat die tabel die jaarlikse opbrengs vir periodes langer as 'n jaar verteenwoordig.

	SA aandele	Internasionale aandele (Rand)	SA effekte	Internasionale effekte (Rand)	SA kontant
1 jaar	32,7%	33,7%	5,4%	15,1%	5,4%
3 jaar (p.j.)	20,6%	30,7%	8,7%	19,2%	5,5%
5 jaar (p.j.)	21,6%	23,3%	9,5%	11,5%	6,0%
7 jaar (p.j.)	12,0%	10,3%	9,0%	11,9%	7,4%
10 jaar (p.j.)	21,0%	13,8%	9,4%	10,9%	7,5%

Hierdie goeie opbrengste word tot 'n groot mate gereflekteer in die opbrengste van die verskeie groeiportefeuljes, waar veral die oorsese blootstelling die afgelope jaar op die maksimum toelaatbare vlak gehou is en tot die goeie prestasie bygedra het. Die Langtermynportefeulje, wat 'n hoë aandele blootstelling het, het uitmuntend gevaar.

Die media verwys gereeld daarna dat veral die Suid-Afrikaanse mark tans op sy duurste is en dat die prys verdienste verhouding tans baie hoër is as die historiese langtermyn gemiddelde. Dit is duidelik dat beide markkommentators en batebestuurders bekommerd is oor die volhoubaarheid van die historiese aandele opbrengste. 'n Moontlike vraag wat by u kon opkom, is hoe die PPF dan u fondse beskerm teen 'n moontlike markdaling.

Die PPF werk met 'n langtermyn doelwit. U moet dus die volgende in gedagte hou:

1. Elke portefeulje is nie net oor verskillende bateklasse gediversifiseer nie, maar ook oor verskeie aandele bestuurders wat elk 'n eie bestuurstyl toepas. Die bestuurders is so gekies dat hulle bestuurstyl nie te veel oorvleuel nie en mekaar komplementeer. Elke portefeulje se oorsese aandele blootstelling is verder ook 50 % aktief, 50 % passief verdeel.
2. Alhoewel die mark as 'n geheel tans baie duur voorkom, is die geleentheid nou juis daar vir aktiewe bestuurders om waarde toe te voeg deur die indeks uit te presteer, gegewe die uiteenlopendheid van aandele waardasies.
3. Dit bly belangrik om te onthou dat wisselvalligheid in die korttermyn niks ongewoon vir aandelemarkte is nie. 'n Markdaling sal u slegs beïnvloed wanneer u uiteindelik uit die mark tree, of dit weens aftrede is of lewensfasemodel skuiwe. Dit sal vir u gemoedsrus gee dat aangesien die skuiwe maandeliks plaasvind, hulle baie klein is en dus 'n klein persentasie van 'n markdaling op 'n slag sal vasvang.
4. Die PPF herevalueer gereeld die strategiese batesamestelling en het juis gevoel dat verdere diversifikasie op hierdie stadium in lede se beste belang sal wees. Gedurende Junie-maand het die PPF genoteerde eiendom in die groeiportefeuljes ingesluit.



Slotsom

Aandelemarkte het oor die afgelope paar jaar uitmuntend gevaar en dit word in die verskeie groeiportefeuljes van die PPF gereflekteer. Die PPF het 'n langtermyn doelwit en herevalueer gereeld bestuurders asook die strategiese batesamestelling om lede se langtermyn groei te beskerm.

Towers Watson

GOEIE NUUS VIR ARBEIDSONBEVOEGDE LEDE

Vanaf 1 Maart 2015 word die premie (tans R239,95) wat die werkgewer kragtens die ongeskiktheidsinkomsteversekerings-polis as deel van die PPF werkgewerbydrae betaal, nie meer as 'n belastingaftrekking vir die lid toegelaat nie en sal as byvoordeel belas word, maar alle ongeskiktheidspensioen uitbetalings kragtens die polis is belastingvry.

Wat beteken dit? Die huidige 10 lede, wat tans ongeskiktheidspensioen ontvang, sowel as diegene wat vorentoe vir die voordeel mag kwalifiseer, gaan vanaf bovermelde datum geen belasting betaal op die voordeel (ongeskiktheidspensioen) wat maandeliks vanaf die versekeraar ontvang word nie.

Die lede sou dit ernstig kon oorweeg om die belastingbesparing as 'n addisionele bydrae (sien berig elders) tot hul aftreevoordele in die Fonds te stort om hul posisie by ouderdom 60 (betrokkenes se aftree-ouderdom) te versterk.

Met die jaareinde kommunikasie sal ons meer inligting gee oor die belastingposisie van die aktiewe lede jonger as 60 jaar en hoe dit hulle beïnvloed. Die skribas en rekenkundige beamptes wat die salarisse hanteer behoort dienoreenkomstig ingelig te word.

ADDISIONELE VRYWILLIGE BYDRAES

Die Fondsreëls van die PPF maak reeds voorsiening dat lede addisionele bydraes tot die Fonds kan maak ten einde groter aftreevoordele te verseker.


Die betaling van addisionele bydraes tot die Fonds is onderworpe aan die beperkings en vereistes van die heersende Inkomstebelastingwet.

Sodanige addisionele bydraes word 100% onder die lid se Fondskrediet aangewend. (Geen administratiewe kostes óf verhoogde risikodekking met gepaardgaande kostes nie.)

Lede wat van die voordeel wil gebruik maak, kan reëlings met die Pensioenkantoor tref sodat die debietorder met die deelhebber/gemeente dienoreenkomstig aangepas kan word. Skribas en rekenkundige beamptes by die werkgewers moet die rekonsiliasie op die maandelikse betaalstrokie dienoreenkomstig hanteer. Al wat die Pensioenkantoor moet weet, is of die addisionele bydrae voor- of na-belaste geld is. Die antwoord word sodanig deur die administrateurs op die stelsel aangetoon sodat die lid se belastingstuiting dienoreenkomstig by aftrede hanteer kan word.

Lede wat reeds van die vergunning oor addisionele vrywillige bydraes gebruik maak en diegene wat beplan om dit te doen, maak gebruik van hierdie gulde geleentheid om aftreevoordele te versterk

Suid-Afrikaners over as 55: Is hulle reg vir aftrede?



PENSIOEN- VERHOGING

Die pensioentekkers het 'n pensioenverhoging van 6% op 1 Maart 2014 ontvang. Die trustees het met dank kennis geneem van die tientalle skrywes van pensioentekkers wat hul dankbaarheid hiermee betuig het.



BUIGSAME RISIKOVOORDELE

Daar is tans 'n tendens om meer buigsame risikovooredele aan individuele lede te bied sodat individue hulle sterftedekking kan aanpas na gelang van behoeftes. Die vraag word tereg gevra hoekom 'n 30-jarige lid van die Fonds dieselfde risikovooredele as 'n 58-jarige lid het. Tipies sal jong individue wat getroud is en kinders het, heelwat meer dekking benodig as enkelopende individue.

Ouer persone kan moontlik minder lewensdekking verlang aangesien hulle minder afhanklikes het en groter bydrae na hulle aftreevoorsiening verkies.

Die trustees is tans besig met 'n ondersoek in dié verband. Verskeie gesprekke met die versekeraars is gevoer. In die onderhandelinge word dit ten doel gestel dat enige alternatief verkieslik nie duurder per eenheid van dekking moet wees as die bestaande bestel nie. Verbeterde of buigsame vooredele moet verkieslik nie aan enige swakker polisvoorwaardes onderworpe wees nie.

Sodra daar meer duidelikheid is, sal daar deeglik aan lede gekommunikeer word voordat enige veranderinge geïmplementeer word.

Die volgende uittreksel uit die Sanlam Benchmark Simposium (2013) is van toepassing:

- ⇒ 3x en 4x is die gewildste enkelbedrae by sterfte
- ⇒ 15% van respondente het dekkingskeuses gebied met 3x as die gewildste minimum
- ⇒ 15% van respondente het gade- en kinderspensiorene gebied

“Mag dit reën waar julle osse wei!”

Baie mense sien om 'n verskeidenheid van redes uit na die dag van hul aftrede. Baie min van hulle besef egter dat nie almal aftrede oorleef nie.

Dit is die dag waarop hulle van alles wil wegkom – druk, spanning en sommer alles wat die lewe onaangenaam kan maak. Een broeder het gesê dat hy nooit weer op 'n kansel wil staan nie! 'n Ander broeder uit Engeland, het na 'n leeftyd as mediese sendeling in Transkei gesê: *“I want to go with my boots on!”* Dit is presies wat hy gedoen het, want jare na sy “amptelike” aftrede was hy nog steeds elke dag in die hospitaal op diens om sy pasiënte geestelik en liggaamlik te versorg. Dit was nadat hy eers die oggend voor hy hospitaal toe gegaan het, gou die hoë berg naby sy huis uitgeklim het – sy 80 jaar ten spty! Sy aftrede was vir hom 'n nuwe uitdaging waarna hy met verlange uitgesien het.

Herhaaldelik lees jy in artikels oor aftrede dat dit 'n dag is waarvoor jy deeglik moet beplan. Dit gaan egter oor meer as net voor-aftredebeplanning. Dit is genadetyd wat God ons gun en daarom moet ons ook – met verantwoordelikheid teenoor Hom - elke dag vooraf beplan hoe ons hierdie gawe uit sy hand gaan benut. Elke aand voor ons gaan slaap moet ons weet wat ons môre gaan doen. So nie gaan ons môre presies doen wat ons vandag gedoen het ... niks!

Op Isilimela het 'n eerbiedwaardige gryse ou vader – na 'n leeftyd van diens aan die Here – elke oggend opgestaan, sy Bybel geneem en met die stofpaadjie van sy huis af aangestap – gereed om 'n toepaslike Woord te bring tot vermaning of bemoediging aan wie die Here ook al vandag op sy pad sou stuur.

Een van ons broeders wat hom so “op diens” langs die pad

aangetref het, sê heel goedig aan hom “Ou vader, ek dink jy het nou al meer as genoeg vir die Here gedoen. Jy kan nou huis toe gaan en gaan rus van al die werk in sy diens. Jy is nie meer vandag se kind nie!” Baie ontsteld antwoord die ou vader “Umfundisi, jy sê nou vir my net wat die duiwel elke dag vir my sê.” Die broeder probeer weer met “en hoe antwoord jy hom dan?” “Umfundisi, ek sê vir hom, jy is baie ouer as ek en jy het nog nie een dag gaan rus nie!”

As pensioenaris dink ek altyd met dankbaarheid teenoor die Here aan die **pensioenvoorsiening** wat ons kerk vir ons geskep het. Dit kom nie net gereeld elke maand nie, maar daar is ook elke jaar 'n verhoging. Hiervoor is ons opreg dankbaar. Ek het ook groot waardering vir die **kundige personeel** wat toesien dat die Pensioenfonds so effektief bestuur word dat dit nie net sy huidige verantwoordelikhede teenoor die lede kan nakom nie, maar ook voorsiening maak vir die steeds stygende lewenskoste. Ek wil u graag sukses toewens met die toekoms van die Fonds. Mag die ryke seën van die Here op die totale personeel van die Fonds rus. Ek wil julle seën en sukses

toewens met 'n tipiese goeie wens uit die hart van die AmaXhosa: *“Mag dit reën waar julle osse wei!”*



Oom Giep Louw

81-jarige Emeritus

[Voorheen PSD: Oos-Kaap (Opdrag: Sending & Evangelisasie) en Direkteur: Sinodale Kommissies Oos-Kaap]

AANLYN TOEGANG

Die aktiewe lede word deurlopend herinner aan Alexander Forbes (die Predikante Pensioenfonds se administrateurs) se interaktiewe webblad. Dit bied lede 24-uur toegang tot hulle persoonlike pensioenfonds voordele.

Gaan na <https://online.alexanderforbes.co.za>

- Lede kan hulle persoonlike fondskrediet sien. Dit word gewoonlik so teen die helfte van die maand aangepas met die vorige maand se opbrengs en bydraes wat intussen ontvang is.
- Lede kan sien in watter beleggingsportefeulje hulle fondskrediet bestuur word.
- Die webblad bied ook talle hulpmiddels om 'n lid te help met sy/haar aftreebeplanning.

Lede wat nog nie die fasiliteit benut nie, word aangemoedig om met Elodie van der Walt in die Pensioenkantoor te praat. Skakel haar gerus by 021-957-7115.

ADMINISTRATEUR – ALEXANDER FORBES FINANSIËLE DIENSTE

Verskeie diensverskaffers en instansies lewer dienste aan die Fonds. Dit is goeie bestuurspraktyk om die diensverskaffers se dienste en pryse met verloop van tyd te herevalueer.

Die administrateur van die aktiewe lede (Alexander Forbes) of Selfie Lotz se kantoor te Stellenbosch, se dienste en pryse is ook onlangs geëvalueer.

Na 'n deeglike ondersoek deur 'n sub-komitee aan die hand van 'n voorafbepaalde kriteria, uitbetalingstydperk, kwaliteit van stelsels, terugvoer na ouditeure, klagtes, ens. het die trustees Alexander Forbes weer aangestel as administrateur.

Intussen het ons ook verneem dat Selfie onlangs 'n toekenning vir 30 jaar diens by haar werkgewer ontvang het.

Baie geluk, Selfie!

Klein Jannie en sy gesin eet Sondagmiddag by Ouma. Net toe almal aan tafel is, begin Ouma die kos opskep. Toe Jannie sy bord kos ontvang, begin hy dadelik eet.

“Jannie, asseblief!!” sê sy ma. “Wag asseblief tot ons gebid het.”

“Ek hoef nie,” sê hy dadelik.

“Natuurlik moet jy!” antwoord sy ma. “Ons bid altyd voor ons by die huis eet.”

“Ja, maar dit is by ons huis,” verduidelik Jannie, “maar hierdie is Ouma se huis, en sy weet hoe om te kook.”

“Don’t Retire, REWIRE”

Toe my pa in 1960 op ouderdom 42 sterf, sterf hy sonder enige pensioen vir my ma en ons vyf jong kinders wat agterbly. Die Predikante Pensioenfonds was nog iets nuuts en lidmaatskap was vrywillig. Hy was nog nie lid nie.

Vier en vyftig jaar later tree ekself as predikant af. In hierdie tyd het die Pensioenfonds dramatiese veranderings ondergaan en ek tree af met ’n pensioen wat tot selfs 10 jaar gelede vir min predikante beskore was. As jong predikant is aan my vertel die Pensioenfonds lewer sulke swak resultate omdat, onder andere, goedkoper lenings op ’n tyd daaruit gegee is vir gemeentes wat wou kerk gebou het. Ek het hierdie feite (of fiksie?) nooit probeer kontroleer nie. Dit is ook nie nou meer belangrik nie, want die fonds word vir jare al uiters professioneel bestuur.

Die opbrengs van die fonds het dramaties verbeter – onder andere omdat finansiële kundiges toenemend gebruik is om die pensioenfonds se beleggings te bestuur. Daarom kon almal wat in 2008 deel van die oorskakeling van ’n vaste voordeel na ’n vaste bydraefonds was, bevoorreg wees om ’n 30% toeslag op hulle persoonlike fondsaandeel te kry.

Ander groot verbeterings is die laaste jare ook gedoen, soos die byvoeging van ’n addisionele sterftevoordeel deur middel van ’n groepspolis, die voorsiening vir kinders se opvoeding by

afsterwe in diens en dat gemeentes aangemoedig word om ’n hoër bydraekoers as die minimum te betaal. Daar is dus baie om voor dankbaar te wees – maar nie om oorgerus of “lui” te wees nie. Die netto vervangingswaarde (maandelikse pensioen as persentasie van jou laaste salaris) van die predikante pensioen is steeds relatief laag. Een rede daarvoor is omdat die maandelikse motortoelaag nie pensioendraende inkomste is nie, terwyl die meeste predikante dit gebruik as ’n belangrike deel van hulle “gewone inkomste.” Daarom is dit so belangrik dat ’n mens gedurende jou loopbaan moeite doen met addisionele beleggings – veral vir die voorsiening van huisvesting en, indien moontlik, vir addisionele passiewe inkomste.

Daarsonder gaan selfs die grootliks verbeterde pensioen ernstig tekort skiet vir ’n mens se behoeftes na aftrede. In alle beskeidenheid wil ek daarom jonger predikante aanmoedig om so vroeg as moontlik met behulp van ’n finansiële raadgewer addisionele beleggings te begin doen – al beteken dit dat ’n mens ’n paar jaar langer moet bly ry met jou bestaande motor!

Vir ouer kollegas wil ek graag bevestig dat dit wat my finansiële vriende altyd vir my gesê het, inderdaad waar is. Dit is dat ’n mens so lank as moontlik moet probeer werk, want die effek van saamgestelde rente het tot gevolg dat die maksimum groei in jou pensioenkapitaal eers in die laaste jare voor aftrede gebeur. In my geval het my

pensioen-aandeel in die laaste vier jaar voor aftrede letterlik verdubbel. Uiteraard beteken dit dat ons, in belang van onself en die gemeentes, onself en ons bediening heelyd moet bly vernuwe en moet “re-invent”. Dit geld ook na aftrede. Selfs 65 is deesdae jonk – gemeet teen die steeds groeiende lewensverwachting. ’n Paar jaar gelede het ek ’n boek geles wat my baie gehelp het met my beplanning vir aftrede. Dit het die uitdagende titel: “Don’t retire – rewire!”* Dit is eintlik ’n werkboek wat ’n mens baie praktiese help om jou primêre “drywers” en passies te identifiseer en dan konkreet te beplan hoe jy dit na aftrede in nuwe kontekste kan gebruik. Gelukkig eindig ’n mens se bediening nie wanneer jy aftree uit die voltydse gemeente-bediening nie.



Hannes Koornhof -

Dr Koornhof het op 1 Junie 2014 by Stellenbosch Moedergemeente afgetree.

* *Don’t Retire, REWIRE:*

Jeri Sedlar en Rick Miners, Alpha, 2007



Die Tikmasjien

Die kinders ontdek ’n stokou tikmasjien in die huis en die pa moet verduidelik. Hy sit ’n vel papier in en tik. Die kinders staan verstom. “Waar plug jy hom in?” wil hulle weet.

“Nee, jy plug hom nêrens in nie,” antwoord die pa.

“Nou waar is sy batterye?” vra die kinders.

“Nee, hy gebruik nie batterye nie.”

“Liewe genade, Pa, nou hoekom het hulle dit nie al laaankal uitgevind nie?”



Hierdie Pensioen Nuusbrief is deur Copytype gedruk.
Ons opregte dank aan hulle vir hulle
betrokkenheid en ondersteuning.



Hierdie Pensioen Nuusbrief word deur
Simeka Konsultante & Aktuarisse geborg.
Ons waardering aan Simeka Konsultante & Aktuarisse vir hierdie
welkome finansiële ondersteuning.